Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Verwysing: 20180731-4847
Lêerno.: 12/2/7/P
Navrae: LR Abrahams

Omsendbrief: 0044/2018
Vervaldatum: 31 Desember 2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteur (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Die doel is om gewone openbare skole in te lig oor die tydsraamwerke vir aansoeke om toelating tot Wes-Kaap Onderwysdepartementskole en die bestuur van skooltoelatingsinligting vir 2019/20.*

Onderwerp: Datums en tydsraamwerke vir aansoeke om toelating tot gewone openbare skole en die bestuur van skooltoelatingsinligting vir 2019/20

1. Die aanvraag na leerplekke by skole in die Wes-Kaap groei jaarliks. Om toelatings doeltreffend te kan bestuur, word skole versoek om die volgende tydsraamwerke vir toelatings na te kom.

2. Die maatreëls wat in hierdie omsendbrief uiteengesit is, is van toepassing op **2019**-aansoeke om toelating tot gewone openbare skole in **2020**.

2.1 Die volgende algemene datums vir toelating laat die WKOD toe om doeltreffender te beplan vir die voorsiening van klaskamers, diensstate, die aanskaffing van leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) en alle ander sistemiese intervensies wat nodig is om te verseker dat skole gereed is om elke jaar 'n aanvang te neem.

2.2 Skole word versoek om die volgende WKOD-toelatingstydsraamwerke, wat op **alle gewone openbare skole van toepassing sal wees,** na te kom:

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel.: +27 21 467 2364 Faks.: +27 21 467 2633
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensneming- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

MAAND	2019/20-DATUMS	AKTIWITEIT
FEBRUARIE	1–08 Februarie 2019	Skole lê beplande inskrywings op die School Admissions Management Information System (SAMI) vas
FEBRUARIE	15 Februarie 2019	Skooltoelatings word geopen (alle gewone openbare skole) Verpligtend: Daar sal van ouers verwag word om hul skole in voorkeurorde te plaas.
MAART	15 Maart 2019	Skooltoelatings sluit (alle gewone openbare skole) Verpligtend: Daar sal van ouers verwag word om hul skole in voorkeurorde te plaas.
JUNIE	07 Junie 2019	Ouers word aanlyn van die uitkoms in kennis gestel
JULIE	12 Julie 2019	**Ouers bevestig finale aanvaarding aanlyn**
KWARTAAL 3	Derde kwartaal 2019	Skole vul beskikbare plekke
KWARTAAL 4	Sodra progressie en promosie afgeteken is	Skole bevestig inskrywings

3. Dit is verpligtend vir ouers wat by meer as een skool aansoek doen, om hul voorkeurorde op die stelsel aan te dui. Duisende plekke is hierdie jaar en in die verlede versper in gevalle waar ouers nie hulle finale keuse op die stelsel aangedui het nie. Dit vertraag jaarliks die finalisering van toelatings.

4. Ouers moet die volgende URL https://www.admissions.westerncape.gov.za gebruik om hul finale keuse uit te oefen, of hulle kan die betrokke distrikskantoor kontak om die WKOD van hulle finale besluit te verwittig.

5. Indien ouers nie **finale aanvaarding** teen **12 Julie 2019 bevestig**, of gewaarmerkte afskrifte van die benodigde dokumente indien nie, mag skole sodanige plekke aan leerders op die waglys of aan ander leerders wat nog geplaas moet word, bied.

6. Die skool moet egter 'n daadwerklike poging aanwend om die ouers van hierdie besluit in kennis te stel voordat die plek aan 'n ander leerder gegee word.

7. Let asseblief daarop dat in die geval van 'n toelatingsappèl, geskilpunt of 'n wettig protes, skole versoek kan word om die besonderhede van die aansoek te voorsien, soos byvoorbeeld wanneer en hoe die aansoek verwerk is. Die besonderhede sal dan van die amptelike WKOD-toelatingsinligtingsdatabasis verkry word.

8. Skole word herinner dat ouers te alle tye die stand van hulle aansoek op SAMI kan nagaan soos op die huidige stelsel aangedui word, en dit is dus baie belangrik dat skole seker maak dat die stelsel die uitslag van aansoeke ten alle tye korrek aandui en skole by die tydsraamwerke hou.

9. Sperdatums vir aanlyn administrasie van toelatings op die WKOD se toelatingstelsel:

9.1	Stelsel word vir skole geopen om beplande inskrywings vas te lê	01 Februarie 2019
9.2	Prinsipaal teken beplande inskrywings af	08 Februarie 2019
9.3	Kringbestuurdeer teken beplande inskrywings af	12 Februarie 2019
9.4	Skole prosesseer en lê aansoeke vas	15 Februarie 2019– 03 Junie 2019
9.5	Stelsel wys uitslag van aansoeke aan ouers	07 Junie 2019
9.6	Skole vul beskikbare plekke	Derde kwartaal 2019
9.7	Skole bevestig inskrywings	Nadat progressie en promosie afgeteken is

10. Die toelatingstelsel genereer 'n lys van leerders wat nog nie geplaas is nie, en soos die aansoeke verwerk word, dui dit skole aan waar nog plekke beskikbaar is.

11. Dit is dus van kardinale belang dat skole aansoeke teen die sperdatums verwerk om te verseker dat amptenare akkurate inligting het wat gebruik kan word om ouers van die beskikbare plekke in kennis te stel.

12. **Besluitneming oor gevalle waar 'n leerder nie 'n plek by 'n skool gekry het nie**

Die betrokke distriksamptenare wat met die toelatingsadministrasie werk, sal toegang hê tot die lyste van leerders wat nog nie geplaas is nie, sowel as beskikbare plekke by skole in die distrik. Hierdie amptenare sal versoek word om met die plasing van leerders te help deur met skole in hulle onderskeie distrikte en kringe te skakel.

13. Gesien die toenemende aanvraag na plekke by skole, vertrou die WKOD dat hierdie maatreëls vir skole en ouers van hulp sal wees. Ons wil graag prinsipale, beheerliggame en amptenare bedank vir hulle ondersteuning om alle leerders in skole te plaas.

14. **Voorspraakprogram**

14.1 Die WKOD sal 'n volledige voorspraakprogram van stapel stuur. Dit sal verskeie mediavorms en platforms insluit om die algemene publiek in te lig.

14.2 Dit sal gedrukte media, plakkate, pamflette en gedrukte advertensies sowel as radio en toepaslike sosialemedia-platforms insluit.

15. Alle navrae oor bogenoemde kwessies kan aan die Hoof: Bestuur en Beheer of die betrokke kringbestuurder in elke distrik gerig word.

16. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2018-12-06